Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
Vir Beter Waarde
in
Mansklerasie
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.
DEEL IV, No. 22. VRYDAG, 1 SEPTEMBER 1944. PRYS 1d.

## STUDENTE, RUK LOS UIT JUL BELANGELOSE SLAAP!

### Kyk Wat Onder Julle Oë Plaasvind!

### Kleurling Eis Geselskap van Damesstudent

Terwyl die studente van ons Universiteit hulle blind staar op die onheilstekens wat hulle oral in ons land voordoen of hulle anders isoleer in 'n akademiese abstraktheid, of nog erger, salig rus in die traak my nie agtige beswyming waarin die liberalistiese lamsakkerigheid 'n groot deel van ons Afrikaanse jeug gedompel het, kry daardie selfde onheilselemente die kans om weelderig te tier onder die oë van die studentegemeenskap. Ons is reeds lank bewus van die grootskaalse kommunistiese opsweping wat ook in Stellenbosch aan die gang is, en van die skandalige bydrae wat gelewer word ook deur blankes wat sogenaamd „hoogaangeskrewe" staan in die plaaslike sosiale lewe. Maar as toestande darem so ver gevorder het dat 'N NIE-BLANKE DIE VERMETELHEID HET OM IN 'N STUDENTELOSIESHUIS TE GAAN EN DAAROP AAN TE DRING OM MET EEN VAN DIE STUDENTEDAMES „NA 'N DANS" TE GAAN, dan het die toestand darem hemeltergend geword. EN DIT IS PRESIES WAT VERLEDE SATERDAGAAND GEBEUR HET.

In 'n sekere losieshuis vir mansstudente hier op Stellenbosch, bly ook 'n paar dametjies, die dogters van die huismoeder. Saterdagaand klop iemand aan die deur, dit word oopgemaak deur een van die mans en iemand wat homself noem „a young man" vra om met een van die dames te praat. Hy wil egter nie in die huis inkom nie. Toe die dame om wie hy gevra het, kom, vind sy hom in die sitkamer. Niksvermoedend merk sy nie dadelik dat dit 'n nie-blanke is nie, hoewel dit haar opval dat hy darem baie donker is. Hy wil haar dan na 'n dans neem, maar aangesien sy reeds uitgaan, vra hy om haar suster te spreek. Die suster, wat 'n studente is, wou egter nie na die „vreemdeling" kom nie, en hy verklaar toe dat hy sal wag totdat sy kom. Na veel gesukkel is hy egter daar weg, en spoedig is die vermoede dat dit 'n nie-blanke is, bevestig. *Dit het bekend geword dat hy inwoon by 'n aantal nie-blankes en daagliks met hulle omgaan, terwyl sy uiterlik vir enige persoon wat op hoede is, geen twyfel kan laat nie — dit is 'n NIE-BLANKE!!*

#### SMALENDE MAATS.

Die dametjies verklaar dat as hulle na die gebeure by enigeen van daardie seksie nie-blankes wat bevriend is met die amokmaker, verbystap, dit baie opvallend is dat die kleurlinge smalend lag en gesels onder mekaar . Ons kan nie sonder meer sê dat dit onder direkte kommunistiese aansporing is dat die voorval plaasgevind het nie, *maar dat dit tog wortel in die algemene gees van gelykstelling wat deur die kommuniste gesaai is, lei geen twyfel nie.*

#### EN NOG SLAAP U!

Studente, is u bereid om langer dergelike skreiende skandalighede binne die grense van ons studentestad te laat plaasvind? Die feit dat 'n kleurling soiets durf waag in Stellenbosch is 'n klad op die studente-unie. Maar omdat daar maar altyd daardie lamlendige laat maar loop houding ingeslaan word, daarom kan sulke dinge gebeur. En omdat 'n wakkere organisasie soos die A.N.S. altyd moet beveg word deur mense wat absoluut niks doen om toestande te verbeter nie, daarom staan die studente-unie magteloos teen die euwels wat dreig. A.N.S.-voorligting word ondermyn, ondergrawende skinderstories word geloods, die A.N.S.-kongres wat spesifiek beoog om die studente in nouer voeling te stel met sulke probleme moet getorpedeer word (maar danksy die lewenskrag van die A.N.S. was die monstervergadering-torpedo wat met juigkrete afgevuur is totaal mis). Niemand sal ooit daarin slaag om die A.N.S. te breek nie, dit weet elke vyand, maar bittere jaloesie oor die prestasies van die A.N.S. lok steeds meer vyandelikheid. En dan kan dergelike euwels, aangevuur deur kommunistiese opruiery, maar hul gang gaan.

Dit is 'n krisisuur. U MOET DIE LEIDING WAT *ALLEEN* KAN HELP ERKEN. En alleenlik die A.N.S. wat hom reeds lank diep in dié probleme ingeleef en ingestudeer het kan u ware leiding gee in die studente-unie.

BESLUIT DADELIK OM IN TE SKAKEL AGTER DAARDIE LEIDING.

## Dubbelmedium Ly Nederlaag

Na die geweldige stryd aan U.K.-O.V.S. teen die einde van verlede jaar oor die dubbelmedium-beleid, en die voorlopige oplossing daarvan, het dié Vrystaatse Universiteit miskien so effens uit die gedagte geraak. Ons verneem egter dat die voorstanders van die dubbelmedium-stelsel nou in 'n minderheid verkeer op die U.K.O.V.S.-Raad. Die Raadslede self is gelykop verdeel — 8 voorstanders en 8 teenstanders. Die voorsitter, mnr. J. H. B. Reitz, wat herkies is, het egter 'n beslissende stem, en hy is ook 'n teenstander van die dubbelmedium — die teenstanders van dubbelmedium beskik dus oor 9 stemme op die Raad.

In die komitee oor inwendige beheer, die belangrikste komitee van die Raad, het die dubbelmedium-aanhangers ook 'n minderheid.

### *Onthou die A.N.S. VERGADERING*

DONDERDAG, 7 SEPT.,
om 7.30 n.m.
Spreker: Mnr. W. R. Laubscher
— Baie bekende Arbeidsleier van die Rand —
'n Man uit die Praktyk oor toestande in die Praktyk.
In die C.S.V. Saal.
U MAG DIT NIE MIS NIE!
*KOM SEKER!*

## V.S.R. VAN U.K. SKRIK WAKKER

Om nie-blankes op alle terreine van die studentelewe op gelyke voet met blanke studente te sien beweeg, het reeds 'n baie algemene verskynsel aan U.K. geword. Dit lyk egter of die studenteraad van U.K. so effens begin wakkerskrik vir die gevaar. Op die jongste vergadering van die V.S.R. is 'n *voorstel dat bepaal word dat nie-blanke studente nie aan sosiale en sportbedrywighede aan die Universiteit mag deelneem nie, met 6 stemme teen 2 aangeneem.*

Baie sterk teenstand vanuit 'n seksie van die studentegeledere is te verwag. (In die jongste uitgawe van *Varsity*, die U.K. koerantjie, is 'n „roerende" pleidooi gelewer vir die toelating van nie-blankes op 'n studentedans wat verlede Vrydagaand daar plaasgevind het). Ons hoop egter dat dié besluit van die V.S.R. konsekwent deurgevoer sal word, al moet die sterkste teenstand ook ondervind word.

## BOEREORKES SLUIT HUL SEISOEN AF

### Nou £23,000 ingesamel

Die Boereorkes het hulle jaar verlede Vrydag en Saterdagaand afgesluit met konserte op Wellington en Paarl, en die laaste bedrag van £186 is ingesamel.

Sedert sy ontstaan en 1934 het die Boereorkes reeds £23,000 vir liefdadigheid en ander fondse ingesamel. £8,000 is in die Voortrekkermonument-fonds gestort (aan die end van 1934 is die eerste bydrae van £20 gedoen), £300 in die Langenhoven-gedenksaalfonds, £475 in die Klein Karoo droogtefonds en £13,600 in die Reddingsdaadfonds — terwyl etlike 100e ponde ook aan plaaslike en omliggende liefdadigheid bestee is.

Daar is dusver 350 konserte op 195 verskillende Suid-Afrikaanse dorpe gehou. Daar word beraam dat die jongste konsertereeks in die Vrystaat en Transvaal deur tussen 17,000 en 18,000 mense bygewoon is.

Die jaarlikse insamelings sedert 1935 was as volg: 1935, £690; 1936, £679; 1937, £2,770; 1938, £2,208; 1939, £1,995; 1940, £3,475; 1941, £4,254; 1942, £3,796; 1943, £783; 1944, £2,447.

## ARBEIDSDIENSKAMP

- Vanaf Vrydag 22 Sept. tot Maandag, 3 Okt.
- Op die plaas van mnr. R. J. Joubert, naby Stellenbosch.
- Kampfooi: £1.
- Taak: Boerehulp.
- Almal wat van plan is om te gaan moet name inhandig by een van die volgende, voor Vrydag 15 Sept.:

  Mej. Martina Roos, Huis-ten-Bosch; mej., Etta Lombard, Huis-de-Villiers; mej. Hermien Bezuidenhout, Sonop; mnr. J. A. E. Steyn, Victoriahuis, Dorpstraat; mnr. S. P. Botha, Dag-Breek 2/37; mnr. W. F. P. Gibson, Riebeeckhuis.
- Kampvergadering: Maandag 18 Sept., om 6.45 n.m. in Hollandse saal.

## Franschhoek-Rolprent

Donderdagaand, 7 September, net na die toespraak van mnr. W. R. Laubscher voor die A.N.S. vergadering, sal 'n rolprent vertoon word wat geneem is tydens die hoogs geslaagde Arbeidsdienskamp op Franschhoek aan die einde van verlede jaar. Alle oud-kampers, u *sal* daar wees! Alle nie-kampers, u *moet* daar wees!

*INSPAN, UITSPAN, ONTSPAN*
*by die*
*UITSPAN*
Melktert, Tuisgemaakte Pasteitjies, Koesisters, Pannekoek - - - -
Boeretroos na Boeresport.

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
DIE BESTE DIENSTE

ONDERSTEUN
die alombekende firma
R. MÜLLER
Eerste vir Klaviere,
Musiekinstrumente in die algemeen.
Musikale benodighede.
Grootste voorraad Musiek boeke.
AFSONDERLIKE AFDELING
vir beste en gewaarborgde
SWITSERSE
POLSHORLOSIES.
R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

APTEKERS
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
JOERNING en SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Die Plaza
Foon 0013.
THIS IS THE ARMY
GEORGE MURPHY
JOAN LESLIE
Vrydag en Saterdag,
1 en 2 Sept.
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

Goeie Raad!
Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
Ons hele Staf is tot u diens!
Pro Ecclesia-Drukkery
(Edms.) Bpk.
Pastoriestraat, Stellenbosch.

DIE MATIE
Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.
Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.
Inskrywingsgeld 5/- per jaar.
Deel IV. 1 Sept. 1944. No. 22.

## DIE KOMMUNISME

In die jongste tye word daar in Suid-Afrika op onrusbarend uitgebreide skaal kommunistiese propaganda gemaak. Dis waar dat die klem van hierdie propaganda op die gekleurde rasse in ons land val, maar dis ewe waar dat die blankes heelwat van die vergif kry, sonder dat hulle dit juis besef. En dis juis vanweë hierdie feit dat 'n waarskuwing nodig is.

Ons bepaal ons tot die propaganda onder blankes.

As mens aan die deursnee blanke vra: wat is kommunisme? dan is sy antwoord gewoonlik dat dit anti-godsdienstige leerstelling is, dat dit geen kleurlyn erken nie, dat dit gewelddadig en moordend van aard is, en dat dit inderdaad 'n goddelose groeisel is wat met wortel en tak uit die lewe van enige ordentlik volk uitgeroei behoort te word. Dis alles waar en nog meer ook. Maar dis ook waar dat kommunistiese propaganda in Suid-Afrika nie hierdie dinge sal beklemtoon nie. Inteendeel die kommunistiese propaganda in ons land lê hom toe op die verspreiding van onskuldige prentjies soos b.v. die volgende: laggende Russiese meisie wat besig is om te oes; 'n blakende gesonde jong boer op 'n trekker; 'n gespierde werker met 'n skroefhamer in die hand; neo-Russiese of Kommunistiese skilderstukke; ja, selfs 'n priester in die ryk tradisionele gewaad van die ortodokse kerk; en les bes 'n Stalin wat glimlaggend die hande op kindertjies lê. Hierdie oulike prentjies gaan vergesel van ewe oulike en doeltreffende lektuur. Alles is so onskuldig en is net bedoel om die gruwelike wanvoorstellings omtrent Rusland en Kommunisme te weerlê.

Maar dis nie alles onskuldig nie. Dis alles bedoel om twyfel in die gemoed van die gewone man te saai. Die hoop word gekoester dat baie hulleself sal afvra of kommunisme werklik so gruwelik is soos voorgegee word en of dit nie miskien baie inhou wat goed is nie. Op hierdie manier word gepoog om die aktiewe weerstand teen die Kommunisme, van die kant van die blanke, te ondermyn. Met hierdie blanke susbeleid as agtergrond sit die kommunistiese agitator sy verraderlike werk onder die nie-blankes voort.

Vandag word hierdie proses intensief in ons land beoefen. Ons mag ons oë daarvoor nie sluit nie.

Dis seer sekerlik die taak en die plig van die Afrikaanse studentedom, as die toekomstige draers en vertolkers van ons volk se geestelike en kulturele strewe, om hierdie verderflikende kommunistiese leerstelling met alle mag aan die kaak te stel en te help uitroei. Maar daar moet onthou word dat om op die prosaïse wyse die kommunisme te beveg, nie genoeg is nie. Nie net moet gesanik word oor die opvallende van die kommunisme nie, maar ook moet 'n begrip geskweek word van die subtiliteite van die Rooi propaganda, en kennis geneem word van die leemtes in ons samelewing wat Kommunisme bevorder.

En een van die leemtes is sekerlik die treurige omstandighede waaronder daardie mense, wat die kapitaliste werkers noem, in ons samelewing moet voortsukkel. Kommunisme kan nie deur woorde en heilige verantwoordiging vernietig word nie — alleen kan dit verbrysel word deur 'n doeltreffende teenvoeter. Hier moet begin word en nie by praatveldtogte teen die Rooies nie.

Toe die A.N.S. op sy jongste kongres die heilsame beginsel van volkseie-sosialisme aanvaar het ook as sy eie reddingsboodskap, het hy die eerste belangrike stok gesteek in die rollende wiel van die kommunisme.

# Die Oorlog

## Die Europese Oorlogsfronte

### Deur Prof. J. A. Wiid

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Daar het gedurende die laaste paar weke belangrike veranderings aan die Europese oorlogsfronte plaasgevind. Al hierdie veranderings het ten nadele van die Duitse militêre posisie en ten voordele van die Angel-Saksers en hul Russiese bondgenote geskied. Hieroor kan daar op die oomblik geen twyfel bestaan nie.

DIE FRONTE IN FRANKRYK

Die suksesvolle landing van die Angel-Saksers in Frankryk op 6 Junie het bewys gelewer dat die „Atlantiese Muur" van die Duitsers nie ondeurdringbaar is nie. Dit is duidelik dat die skakels in die lang ketting van Duitse verdedigingswerke vanaf die noordelike kus van Noorweë tot by die Frans-Spaanse grens nie sterk genoeg was om 'n inval van die Geallieerdes te belet nie. Tenspyte van hul propaganda het die Duitse leërleiding dit waarskynlik self geweet. Geen verdedigingswerk is trouens oninneembaar as 'n aanvaller sterk en vasberade genoeg is en ook gewillig is om die prys aan menselewes en materiaal daarvoor te betaal. Die Angel-Saksers het bewys dat hulle sterk en vasberade is om die „vesting van Europa" nie alleen binne te val nie maar ook groot dele van Frankryk te herower of te „bevry" soos dit genoem word. Dit is veral die Amerikaners wat die leeue-aandeel in die Franse veldtog neem. Dit was hulle wat die skiereiland van Cotentin afgesny en die hawestad Cherbourg ingeneem het; dit was hulle wat by Avranches deurgebreek het en aan die hele veldtog 'n beweeglike karakter gegee het; dit is ook die Amerikaners wat op die oomblik die diepste in Frankryk deurgedring het. Die suksesvolle landing van die Geallieerdes in Suid-Frankryk en hul vinnige beweging — ook hier is dit die Amerikaners — in noord-oostelike rigting langs die valleie van die Rhonerivier, het die Duitsers voor moeilike vraagstukke gestel.

DIE RUSSIESE FRONT

Die Angel-Saksiese landings in Frankryk is nie die enigste sorge van die Duitsers nie. Ook aan die oostelike front oefen die Russe swaar druk uit. Hier het die Bolsjewiste veral in die Oosseestate en in die gebied van die Weischselrivier, noord en suid van Warschau, belangrike vordering gemaak. Dit is egter veral in Roemenië waar die jongste gebeurtenisse ten gunste van die Russe plaasgevind het. Die kapitulasie van die Roemeense koning aan Moskou het die weg vir die Rooi leërs na die belangrike Donougebied en die Balkan vrygemaak. Op die oomblik lyk dit, tensy die oorlog 'n ander wending neem, of die Angel-Saksers en Russe nie in Berlyn maar miskien eers op die Balkan mekaar sal ontmoet.

ERNSTIG MAAR NIE HOPELOOS

Vir die Duitsers is die militêre posisie dus op die oomblik vry ernstig. Volgens die propaganda uit Washington, Londen en Moskou sou die Duitse posisie reeds hopeloos wees. 'n Algehele oorwinning vir die Geallieerdes en 'n volslae nederlaag vir die Duitsers sou reeds voor die deur staan. Die ondervinding van hierdie en ander oorloë het egter geleer dat oorwinnings glibberige goeters is wat 'n mens eers vas in albei hande moet hê voor jy daaroor kan feesvier. Het die verskillende oorlogvoerende moondhede sedert 1 September 1939 dan nie reeds herhaaldelik die oorwinning in hul propaganda gevier nie? Watter staatshoof het in September 1939 geglo dat die huidige stryd die vooraand van sy sesde oorlogsjaar sou beleef?

Die geskiedenis leer dat 'n volk wat met die rug teen die muur om sy lewe veg 'n verbasende taaiheid aan die dag kan lê. Toe lord Roberts op 5 Junie 1900 Pretoria beset het, het hy seer seker nie gedink dat die oorlog nog byna twee jaar sou voortduur nie. Carlyle se geskiedenis van Frederik die Grote lewer 'n ander bewys van wat taaie volharding teen 'n oorweldigende oormag kan uitrig.

Ook die huidige oorlog het sy voorbeelde van kapitulasie en van volharding gelewer. Die Britte het hierdie volharding aan die dag gelê toe hulle in 1940/41 alleen gestaan het en die hardste houe van die vyand moes verduur. Die klein Finse volkie, met sy rug teen die muur en sy lewe op die spel, presteer waarskynlik die hoogste in sy stryd teen die magtige Rusland.

Ook die Duitsers het in die huidige oorlog volop bewyse gelewer dat terugslae hulle nie kan breek nie. Hulle twee grootste terugslae, Stalingrad en die kapitulasie van Italië, het geensins die ineenstorting van die front tot gevolg gehad nie. Sedert Stalingrad het ons reeds dikwels van die „omsingeling" van Duitse leërs gehoor, maar, soos 'n genl. De Wet van ouds, skyn dit of hulle dit nog altyd reggekry het „to live and fight another day."

Op die oomblik lyk dit ietwat voorbarig om reeds fees te vier oor die oorwinning wat voor die deur sou staan. Die militêre posisie vir die Duitsers is sonder twyfel ernstig maar alleen 'n wensdenker sou dit as hopeloos beskou. Die Duitsers het tot sekere mate daarin geslaag om hul front tussen die Kurpate en die Oossee te stabiliseer. Die Rooi leërs staan in elk geval nog nie in Warschau of in Oos-Pruise nie soos reeds lank gelede in die vooruitsig gestel is. Dit is nie onwaarskynlik nie dat die Duitsers ook in die Weste daarin sal slaag om hul besettingsleër in 'n verdedigingsleër om te skep en hul front naby die eie grens te stabiliseer. Daar staan nog geen vyandelike soldaat op Duitse bodem nie en so lank die Duitsers bymekaar en agter die regering staan, kan ons feesvierings van die oorwinning maar gerus 'n bietjie uitgestel word.

Besigheidsmanne van Stellenbosch, het u al reëlings getref om u besighede op 10 Oktober te sluit?

Rook Springbok-Sigarette

## KUNSLIEFHEBBERS
### Let Op!

Vir kunsliefhebbers en almal wat hul kennis oor kuns wil verruim sal dit verblydend wees om te verneem dat prof. F. E. J. Malherbe 'n reeks kunslesings met behulp van gekleurde plate onder beskerming van die Debatsvereniging sal waarneem. Die lesings sal handel oor die „Klassieke Meesters van die Renaissance" en sal in die Annexe gehou word en wel *tussen 6.45 en 7.45 saans*, sodat daar nie inbreuk gedoen sal word op die aande van diegene wat dit graag wil bywoon nie.

Hieronder plaas ons die *voorlopige* program. Wysigings sal in *Die Matie* van tyd tot tyd aangekondig word. Teen die tyd dat hierdie uitgawe verskyn sal die eerste lesing waarskynlik reeds agter die rug wees:—

1. Donderdag, 31 Aug.: *„Die Ontwaking tot Skoonheid"* — Giotto, Donatello, Botticelli, e.a.
2. Maandag, 11 Sept.: *„Weeropstanding van die Gode"* — Leonardo da Vinci.
3. Donderdag, 14 Sept.: *„Groeiende Krag"* — Jeug en Mannejare van Michel Angelo.
4. Woensdag, 4 Oktober: *„Die Triomf."* — Raffaël.
5. Donderdag, 5 Oktober: *„Godeskemering"* — Die ou Michel Angelo.

Knip hierdie program uit en raadpleeg dit van tyd tot tyd.

## DAGBREEK LOODS OFFENSIEF

'n Onverwagte aanslag is Maandagaand vanaf die Dagbreeksektor op verskeie dameskoshuise onderneem. Die geveg was hewig maar uiteindelik is meeste van die getroue ysterperde ontvoer. Dinsdagoggend vroeg egter moes die oorwinnaars van die vorige nag 'n sterk defensief opsit by wyse van waterbomme, aangesien die vyand die hoofkwartier binnegedring het. Onder die ongevalle is 'n paar gebreekte krane en ruite en stukkende kniekoppe. Gedurende die geveg het Wilgenhof ook tussenbye gekom en dapper die dames verdedig.

## Die Sosioloog en die Naturellevraagstuk

Op die jongste vergadering van die Sos. Vereniging het dr. van Tromp op oortuigende wyse aangetoon *hoe die maatsk. werker die naturel moet sien en behandel.*

Spr. wys op die toenemende omvang van die naturelle-vraagstuk in S.-A., veral *deur die trek van die naturelle na die stede.*

En die maatsk. werker is aangewese om deur te wil en te werk, met inagname van die omstandighede, na 'n oplossing te soek.

Hiervoor is gebiedend noodsaaklik deeglike kennis van die agtergrond, taal e.d.m. van die naturel.

Die eintlike probleem vir die maatsk. werker is die *wanaanpassing* van die *ontstamde* naturel — diegene wat geen ouerlike gesag meer erken nie (liberalistiese lewenshouing) en moreel losbandig en laagstaande leef.

Spr. beklemtoon die verregaande toestande in die Skiereiland waar ± 50,000 naturelle saamgehoop is en waar ± 100 werkers(sters) nodig sal wees om hierdie moeilike probleem op te los.

Dié moeilike oplossing sal gesoek moet word langs die weg van baie simpatieke inboeseming van 'n nasie-bewustheid. Deur die naturel te behandel ná sy aard en hom as 'n *wese* te beskou, sal baie bereik word: Dit sal sy vertroue win en hom help rehabiliteer.

## PLATEPROGRAM
### Sondagaand

Mnr. Jack Steyn sal Sondagaand in die Konservatorium 'n program van kontrapuntiese musiek, grotendeels bestaande uit werke van die groot meester van die kontrapuntiese musiek, Palestrina, lewer. Palestrina, die grootste komponis van musiek vir die Roomse kerk, is 350 jaar gelede oorlede.

Aangesien daar Sondagaande deur persone wat laat inkom stoornis veroorsaak word, wat uiters onaangenaam is vir beide die persoon wat die program lewer en al die ander teenwoordig, word almal wat die programme bywoon in hul eie belang vriendelik versoek om in die saal te wees nie later as 8.20 nie. **Daarna sal niemand in die saal toegelaat word nie.**

## DIE JUNIORBLAD

Die Redakteur van die Juniorblad kondig aan: Terwille van diegene wat nie die blad bestel het nie, maar dit nogtans graag wil besit, word eksemplare daarvan op Juniordag by die C.S.V.-Boekhandel verkoop, sowel as by die ingang tot die Coetzenburg-terrein. Die blad word nie op straat of by die verskillende koshuise verkoop nie.

Die aantal beskikbare eksemplare is beperk, dus — gou speel!

## GESLAAGDE VOLKSPELE-AAND

Die Universiteits Volkspelelaer het verlede Saterdagaand in samewerking met die Hester Morrison-laer 'n geslaagde byeenkoms in die stadsaal gereël. 'n Aantal uitvoerings deur verskillende groepe is afgewissel met sangnommers deur mev. Gladys Hugo en mej. Martina Roos, 'n voordrag deur mnr. Jan van Graan en 'n klaviersolo deur mej. Emily Hugo.

Na pouse het jonk en oud lustig meegedoen aan gesamentlike spele en 'n baie genoeglike aand is afgesluit met die uitvoering van Andries Pretorius wiel — 'n nommer wat besonder byval onder die aanwesiges gevind het.

## Juniortak vir Ingenieurs

Byeenkoms Woensdagaand 6 Sept., om 7.30 in die groot voorlesingsaal, Fisikagebou.

Prof. H. L. Reitz oor **Die Paarlse Uitvalwerke.**

Almal hartlik welkom!

## *WEET U?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

HENDRIKS'Z
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

## Onder Onsies

**Prof. C. G. W. Schumann**, dekaan van die plaaslike Handelsfakulteit, is gekies om te dien op die bestuur van die Afrikaanse Handelsinstituut.

* * *

**Mej. Miemmie Schabort van Huisde-Villiers** het verlede Dinsdagaand 'n groepie vriende en vriendinne trakteer in die Uitspan by geleentheid van haar verjaardag.

* * *

**Mnr. S. J. Joubert**, bekende oud-Matie en gewese taksleier van die plaaslike A.N.S.-tak het 'n aanstelling op die Lourensford-landgoed, Somerset-Wes gekry. Hy is tans werksaam op Graskop, Tvl. onder die Departement van Bosbou.

* * *

**Mnr. J. van Pletzen** moes verlede week 'n ernstige operasie ondergaan as gevolg van 'n gebarste blindederm. Hy maak goeie vordering, maar verkeer nog in die plaaslike hospitaal.

**Huis-ten-Bosch** nooi almal uit na hul Lentekafee op die koshuisgronde môre-oggend vanaf 8.30. Kom ontmoet u vriende en geniet heerlike verversings. Dans in die Conservatorium om 7.30 n.m.

## „Gone West"

Sonop se huisfondsfunksie verlede Saterdag was 'n uitstaande sukses en die netto inkomste is £65. Die opgewekte stemming is verhoog deur die sang van mejj. Harriet en Joyce Pretorius, en ook die kroegtent, stalletjies, en ryperd het bygedra om 'n „Gone West" atmosfeer te skep. Dieselfde stemming het ook die aand in die Conservatoriumsaal geheers en telkens het die hele saal weerklink van paslike liedjies. Dansies is uitgevoer, o.a. deur mej. Marjory van Ryneveld, en heerlike verversings is verskaf.

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

*Geselskap*
**Pierre de Wet**
★ ANNA NEETHLING-POHL
★ PAULA STYGER
★ GERT VAN DEN BERGH
★ JAN CRONJÉ
in die
**Goeie oue tyd**
Die dae van
SIMON VAN DER STEL
deur
*SITA*
•
op
**VRYDAG 8 SEPTEMBER**
om 8.15 n.m.
**STELLENBOSCH,**
*Rek.-Saal*
Bespreek by:
C.S.V.-BOEKHANDEL
*Toegang:*
Volwassenes 3/4
(Bespreek of Onbespreek)
Studente: Bespreek 2/8
Onbespreek 1/4

**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE**
KWV
**DRUIWESAP**
*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**Die C.S.V.-BOEKHANDEL**
kan u naas u
*Voorgeskrewe Boeke*
en Skryfbehoeftes
ook voorsien met
*Leerartikels*
van alle soorte.
•
*Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye*
en ander prente ook in voorraad.
•
**Die C.S.V. - Boekhandel**

**Rook Springbok-Sigarette**

## *Sportmanne In Die Nuus*

### Die Naellope

Die naelloopnommers op 'n sport-program, of dit nou by geleentheid van 'n S.A. Kampioenskapsbyeenkoms of 'n gewone klubbyeenkoms is, lok altyd geweldig veel belangstelling uit, indien nie die meeste nie.

Die amptelike wêreldrekord oor die 100 tree staan op die oomblik op 9.4 sek., en word gesamentlik gehou deur Frank Wykoff en die beroemde Jessie Owens. Owens word algemeen beskou as die atleet met die beste temperament vir groot geleenthede. Hy is ook die enigste persoon wat ooit daarin geslaag het om op een dag vier wêreldrekords te laat spat. Hierdie prestasie het hy op 25 Mei 1935 op Ann Arbor (Michigan) behaal toe hy wêreldsyfers opgestel het vir die 100 tree, 220 tree, 220 tree hekkies en verspring.

Die grootste blanke naelloper van die afgelope 50 jaar is ongetwyfeld die 22-jarige Harold Davis van Suid-Kalifornië. Toe hy nog op Junior-kollege was het hy tweemaal die 200 meter in 20.4 sek. afgelê (die tweede beste tyd in die wêreld), en in 1940 het hy tweemaal die 100 tree in die nie-amptelike tyd van 9.3 sek. voltooi. Dean Cromwell, die beroemde Amerikaanse atletiekafrigter, het onlangs verklaar dat as enige atleet ooit die 100 tree in 9 sek. sal aflê, dit Davis sal wees. Davis se aantreklikheid as naelloper lê daarin dat hy soos blits oor die laaste 20 tree beweeg. Persone wat hom al gesien hardloop het verklaar dat 'n mens amper nie kan sien dat sy voete grond raak nie.

Ons eie ster, Danie Joubert, dra die eer weg dat hy 'n S.A. rekord daargestel het wat gelykstaan aan die wêreldrekord, maar wat nooit as sulks erken is nie. Dit is miskien minder bekend dat Joubert die dag, voordat hy die S.A. rekord opgestel het met die uitdunwedlope tydens die Dalrymplebyeenkoms op Grahamstad in 1931, 'n nuwe wêreldrekord op die boek geplaas het met 9.3 sek., maar wat deur die ongelukkige toeloop van omstandighede nooit as wêreldsyfer erken is nie. Daar is aangevoer dat Joubert te gou weggespring het en dat die baan afdraend was. Die besware was volgens dr. Eppie Stegman, wat bestuurder van die Stellenbosse span was, uit die bose, want Joubert was bekend vir sy swak wegspring, en die baan is ook na die byeenkoms opgemeent en daar is bevind dat dit eerder nege duim opdraend geloop het.

Joubert het in 1936 nog vierde plek behaal op die Olimpiade in Berlyn, hoewel hy nie as amptelike verteenwoordiger van S.A. gegaan het nie.

Wat die furlong betref, is die bobaas nog steeds Jessie Owens met 20.3 sek. Ons nasionale rekord staan op 21.1 sek., opgestel in 1935 deur M. W. Theunissen by geleentheid van die toetsbyeenkoms tussen die Oxford-Cambridge span en S.A. op die Wanderers (Johannesburg). As in aanmerking geneem word dat hy Sweeny, die toentertydse Britse Rykstitelhouer, in die wedloop uitgestof het, kan sy poging as merkwaardig beskou word.

'n Ander 220 naelloper wat ook vermelding verdien is J. H. Schoeman, wat op sy dag menige louere vir die Maties ingeoes het en die groen en goud op die atletiekbaan op baie jeugdige ouderdom al gedra het. Hy was ongetwyfeld die grootste stilis wat nog in S.A. oor die 220 tree opgetree het, en sy gemaklike ritmiese aksie was 'n genot om te aanskou. Ons universiteitsrekord staan nog agter sy naam (21.7 sek.). Volgende week wil ek een en ander sê oor die kwartmyl, 880 tree en die myl. — (J. D. S.).

## MATIE-ATLETE WEN DAMP-BEKER

Stellenbosch-A het Saterdag die jaarlikse 30 myl aflospadwedloop op Woodstock gewen, en daarmee die Stanley Damp-beker vir die tweede keer in die geskiedenis van die wedloop gewen.

Die Matiespan het met kwaai teëstand te doen gehad en veral Spartans het gesorg dat die uitslag dwarsdeur in die weegskaal bly. In die begin was die stedelinge dan ook goed voor. Die Maties het egter hoe later hoe kwater gehardloop, met die gevolg dat toe dr. Piet de Vos die staffie op laaste trek ontvang, hy maar enkele tree agter was. Die Matiekaptein het ook nie op hom laat wag nie en met 'n pragtige pas skoon onder sy teëstander uitgehardloop om met meer as 600 tree te wen.

Die Stellenbosch A-span het bestaan uit dr. P. de Vos, H. Kuyler, K. M. van Heerden, G. Roux, W. Truter en H. de Jongh. Tyd: 2 uur 52 sek.

## VOETBAL IN AMERIKA

Verlede week het ek u iets meegedeel oor hoe die spel gespeel word. Hierdie keer meer oor buite-omstandighede wat daarmee gepaard gaan.

In die begin is dit moeilik om te verstaan wat aangaan, maar na 'n tydjie raak jy aan die spel gewoond—selfs aan alles wat daarby kom. Daar is b.v. vier „skeidsregters": een hou die tyd dop, een die distansies wat gevorder word, en twee die spel, een aan elke kant van die veld. Wanneer daar twyfel ontstaan oor die distansie wat gevorder is, word 'n maatband gebruik, maar gewoonlik is die lyne op die veld, net vyf tree van mekaar, voldoende aanduiding. Aan elke kant van die veld tik 'n groot elektriese horlosie die sekondes en minute af, en aan die einde van die spel vuur die tydhouer 'n rewolwer in die lug af — dit is die „eindfluitjie!" Die spel is in vier kwarte van 15 minute elk verdeel en net tyd wat werklik gespeel is, word getel. 'n Wedstryd wat drie-uur begin kan dus tot vyfuur aanhou. Solank as wat die spel aan die gang is, vertel 'n aankondiger oor 'n luidspreker elke maal vir die toeskouers wie die bal gedra het en wie hom geplant het. Net so vreemd is dat 'n span 'n sekere aantal kere in 'n wedstryd om 'n „time out" kan vra; dit beteken 'n kans om te rus as dinge te warm word.

Maar wat die Suid-Afrikaner die meeste dronkslaan is dat hoewel net elf man aan 'n kant speel, dertig en meer reserwes op banke langs die veld sit — hulle word „benchwarmers" genoem, en as 'n speler moeg word, neem 'n reserwe sy plek. Of een man gaan miskien op die veld net om skoppe na die pale waar te neem en gaan onmiddellik daarna af.

Van elke wedstryd wat 'n span speel, word 'n filmopname gemaak. Die afrigter vertoon dit dan weer in vertraagde beweging en wys spelers op hul foute. Alle spelers vrees hierdie „post mortem."

Die Universiteit van Michigan, waar ek 'n paar jaar was, het 'n opelug stadium (jy bly maar sit as dit sneeu) met sitplekke vir 86,000 toeskouers.

Die Universiteit se blaasorkes (ek dink aan Michigan), sowat honderd man sterk, speel die volkslied aan die begin van elke wedstryd, wanneer almal opstaan en sing. In die tussenposes speel en marsjeer die orkes weer op die veld. Gedurende die wedstryd speel dit ook en die studente, wat almal bymekaar sit, sing en skreeu net soos ons dit hier ken. Hulle word aangespoor deur 'n half-dosyn sg. „cheer leaders," en die aand voor elke wedstryd word 'n sangoefening gehou. Alle wedstryde is teen 'n ander Universiteit, en dit is altyd „Intervarsity."

*Dr. P. J. Rabie.*

## VOETBAL

Die laaste interprovinsiale wedstryd van die seisoen word môre op Wellington afgespeel tussen Wes-Kaapland en Boland. Die wedstryd is van besondere belang vir W.K., omdat Boland die enigste tussen-provinsiale vyftiental is wat hulle vanjaar die loef afgesteek het. Die wedstryd op Coetzenburg is egter in ongunstige toestande afgespeel, wat die Wes-Kaaplanders se spel merkbaar beïnvloed het. Indien omstandighede môre gunstig is, verwag ons dat George van Reenen en sy manskappe beslis nie weer 'n nederlaag op die lyf gaan loop nie.

Die agterlyn is vinnig en manne soos C. B. Louw en Malherbe het die belofte van 'n diepe rugby-vermoë in hulle. Van der Spuy en Krige, die binnespelers, is deeglik, en Kokkie de Villiers en Wahl is 'n bestendige skakelpaar. Veral Wahl se geweldige aangeë is van groot waarde vir die agterlyn, en indien de Villiers op stryk is, behoort die twee puik-vleuels oorgenoeg te doen te hê.

Waar Boland egter goed aan toe is, is hulle hardvegtende voorhoede, wat die W.K.-agttal op Coetzenburg so goed getem het. Rudie Barnard, Flip Slabber, Pagel van Reenen *cum suis* kan beslis nie onderskat word nie, dog as die Wes-Kaaplanders alles in die stryd werp, staan hulle 'n uitstekende kans om die bordjies môre te verhang.

## STOEI

Die laaste wedstryd van die seisoen is nie gestoei nie, omdat U.K. nie kans gesien het om teen die Maties op te tree nie. *U.S. het dus onoorwonne deur die seisoen gegaan en sodoende die Roland Miller-beker verower.*

Die Maties het die selfs teen die end van die seisoen gewaag om van hul jongere manne gebruik te maak, maar hul was nog 'n bietjie te veel vir die ander klubs.

Jooste en Marinus was die uitblinkers gedurende die jaar, en het altyd stoei van 'n baie noë gehalte gelewer, maar ook Haasbroek en Jordaan het goed presteer.

**Darters**

Pleinstraat, Stellenbosch

*Vir waarde in*

* *Boeke*
* *Skryfbehoeftes*
* *Kunsmateriaal*

*Maties !*

**Die Victoria Katee**

*Vir*

* Vars Vrugte
* Smaaklike Lekkers
* Vriendelike Bediening

Mnr. MALZER

**Onthou Die Biljart Salon**

**Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.**

**DIE MODEWINKEL**

Vertoon vanaf Donderdag, 31 September, al die Nuutste in Tabberds en Rokstowwe vir die Lente en Somer.

Maak gebruik van hierdie geleentheid om smaakvolle inkopies vir die komende Seisoen te doen.

**Mansafdeling**

'n Pragtige reeks nuwe Engelse Worsted Stowwe nou in voorraad, teen die besondere billike pryse van

£10-5-0, £11-5-0 en £12 per pak.

Gesny na Maat deur 'n deskundige.

DIE BESTE WAARDE IN STELLENBOSCH.

**GEBRS. DE WET**

Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 21.

Bring u droogskoonmakery na ons. Agente vir Perths, Stuttafords en Paarl Dry Cleaners.

**HENDRIKZ**

Foon 95.

vir

* Elektriese Benodighede
* Radio en alle Elektriese Reparasies

Langs Voortrekker Apteek

ANDRINGASTRAAT

**G. E. HENDRIKSZ**

se viswinkel vir

VARS GEBAKTE VIS, AARTAPPELREPIES, SOUTVIS en KIPPERS.

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)

Kerkstraat,

STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -

- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.